

PRE-PRIMÊRE SKOOL SENEKAL

SKOOLHANDLEIDING – SODAT ALMAL KAN WEET

1. AANSOEK (Jaarliks hernubaar)

Ouers moet jaarliks heraanzoek doen vir hul kleuters. Inligting op die vorms moet op datum gebring word. Ingeskrewe kleuters kry voorkeur bo nuwe aansoeke. Kleuters wat reeds boeties of sussies in ons skool het, kry ook voorkeur bo nuwe inskrywings. Kleuters word op 'n waglys geplaas indien die klasse vol is.

2. TOELATINGSBELEID VIR OUDERDOMME EN VERDELING VAN GROEPE

Geelklas: (Jonger groep)

- Mag nog 2 jaar oud wees, maar van doeke af
- Word 3 jaar oud
- Word eers na 1 Julie 4 jaar oud

Rooi klas (Middelgroep)

- Word voor 1 Julie 4 jaar oud
- Word 5 jaar oud

Graad R

- Word 6 jaar oud

Indien 'n kleuter wat in graad R is, nie na Gr 1 in die volgende jaar gaan nie, a.g.v. enige geldige rede, moet ouers, volgens Departementele voorskrifte, aan hierdie skool en aan die Primêre Skool die vrystellingsbrief van gemagtigde persone verskaf om weer toelating in Graad R te kan hê.

3. BESOEKDAE

Graad R: Vyf dae van die week

Jonger kleuters: U keuse vir minder dae. (Sien ook skoolgelde)

Die Kleuterskool én ons Nasorgdiens, funksioneer volgens Departementele skooldae en is dus gesluit op amptelike publieke- en skoolvakansiedae.

4. SKOOLURE

VOLGENS DEPARTEMENTELE REGULASIES VIR VASGESTELDE SKOOLURE WAT ONDERRIGTYD IS, VERDIEN DIE PERSONEEL VAN DIE KLEUTERSKOOLO DIE REG EN RESPEK VAN OUERS OM NIE ONDERBREEK EN GESTEUR TE WORD TYDENS ONS SKOOLURE NIE.

* GEEN PRIVAATKLASSE OF BUITEMUURSE SPORTONDERRIG TYDENS ONS SKOOLURE NIE.

5. AANKOMS

Die Personeellid wat 07:00 die hek oopsluit, kan nog nie kleuters saam met haar neem nie. Daar is eers verpligte take om te verrig, voordat kleuters mag inkom.

DIE HEK SLUIT ASB. EERS 07:10 oop en nie vroeër nie.

Kleuters mag nie alleen voor die skoolhek wag nie. Ouer broers of susters of skoolwerkers mag nie u kleuter by die hek oppas nie.

Die hek sluit om 7:45 en die dagprogram begin. Ons maak staat daarop dat u kleuter altyd betyds by ons skool sal wees. Baie dankie!

VERTREK

Die skool verdaag elke dag om 12:45 en die hek word eers om 12:45 oopgemaak. Al die kleuters moet asb. teen 13:10 afgehaal wees.

Die HEK sluit weer om 13:10 en die Juffrouens kan dan vertrek. (Personeel doen nou graag eers voorbereidings vir die volgende dag)

Indien u nie reëlings getref het nie, sal ons u kleuter by die NASORGKLAS vir toesig plaas, maar u sal ongelukkig 'n toesigfooie van R30 per halfuur moet betaal. (Lees asb. NASORG)

U MAG U KLEUTER SLEGS VROEËR KOM HAAL INDIEN

- **DIE PRIMÊRE SKOOL VROEËR VERDAAG.** Die hek sal dan vir 'n kort rukkie oopgemaak word vir al die kleuters wat vroeër vertrek; aangesien ons dagprogram nog nie verby is nie én dit nog onderrigtyd is, sal die hek na 'n kort rukkie weer gesluit word.
- **DAAR 'N KRISIS IS, REËL ASB. MET** Juf Fia om die hek vir u oop te maak. Indien kleuters 'n doktersafspraak het, aanvaar ons dat kleuters te siek is om skool by te woon, hou asb. liewer siek kleuters by die huis.
- **U ANDER TERAPEUTIESE AFSPRAKE VIR U KLEUTER MOET REËL, AS DIT MOONTLIK IS, BUIE SKOOLURE ASB.**

Belangrik: Onthou u kan enige dag oor enige krisis met ons kom praat.

6. NASORG

Inskrywingsvorme is by kantoor beskikbaar indien u van hierdie diens sou wou gebruik maak. Die Beheerliggaam het 'n bekwame dame aangestel.

Hierdie diens is slegs vir ingeskrewe kleuters van Pre-Primêre Skool Senekal. Indien u enigins van hierdie baie gerieflike en goeie nasorgdiens gebruik wil maak, moet u asb. eers 'n inskrywingsvorm voltooi. Dit is by die kantoor beskikbaar.

NASORGTYE:

- Vanaf **13:00 tot 17:10.** U mag wel u kleuter vroeër kom afhaal soos dit u pas.
- Indien u egter na 17:10 eers u kleuter kom haal, moet u verdere toesigfooie van **R50 vir elke KWARTIER** laat betaal. Dit sal so op u staat aangedui word vir vereffening. Die reëling is net om ons Personeellid wat vir NASORG verantwoordelik is, teen tydrovers te beskerm – aangesien sulke situasies ongelukkig wel al voorgekom het.

FOOIE:

As VERWYSING VIR ELEKTRONIESE INBETALING VIR NASORG, GEBRUIK U KLEUTER SE NAAM EN DIE WOORD "NASORG"

- Elke dag van die week: R300 per maand
- Enige ander twee, drie of vier dae: R25 per dag
- Net toevallige toesig, nie gereeld nie: R30 per dag
- U sal aan die einde van elke maand 'n staat ontvang sodat u die nasorgfooie VOOR die 5de van elke maand kan afhandel.
- U moet ook asb. U KLEUTER IN DIE NASORGREGISTER UITTEKEN WANNEER U U KLEUTER BY DIE NASORG KOM HAAL.

- Indien u nie self u kleuter by NASORG kan afhaal nie, reël asb. vooraf met die Nasorg Personeellid
- KLEUTERS bring hul eie verversings en matrassie of kussing saam. U kan hier na goeddunke vir u kleuters ekstra klere en verversings inpak.

7. UITTEKENSTELSE EN DAAGLIKSE REGISTER

Die personeel teken die tyd aan wat u kleuter by die deur instap.

'n Volwasse, en geen ander kind nie, teken die kleuter smiddae uit.

Slegs persone aan wie u toestemming in u inskrywingsvorm verleen het, mag u kleuter kom afhaal.

Indien daar iemand onbenoemd u kleuter gaan afhaal, reël dit asb. vooraf met die Personeel.

8. SKOOLGELDE

Skoolgelde is onderhewig aan gereelde aanpassings soos die Beheerliggaam van die skool dit nodig mag ag. 'n Jaarlikse intreefooi word gehê soos op die inskrywingsvorm vermeld. Dit is tans **R500.00** en is betaalbaar sodra u, u kleuter inskryf vir die volgende jaar. Inskrywings vir die volgende jaar sluit aan die einde van die 3de kwartaal. Alle skoolgelde moet afgehandel wees teen 1 Nov. ASSEMBLIEF voor die JAARKONSERT (4de kwartaal).

Huidige skoolgelde is:

Intreefooi: R500.00

2 dae per week: R280.00 per maand

3 tot 5 dae per week: R520.00 per maand

Graad R: R550.00 per maand

SKOOLGELD is maandeliks vooruit betaalbaar; VOOR die VYFDE van elke maand. U betaal net vir 10 maande skoolgeld.

INBETALINGS VAN GELDE:

Alle betalings aan die skool VERKIESLIK PER ELEKTRONIESE BANKDIENSTE.

BANKBESONDERHEDE:

PRE-PRIMÊRE SKOOL SENEKAL,

ABSA SPAARREKENING 905 7249 729

VERWYSING: U KLEUTER SE NAAM EN VAN

Bring asb. u inbetalingsbewys kantoor toe of laat dit op volgende selnommer registreer: Nicolien Erasmus 082 3880 531

Doen asseblief u betalings as volg:

- AAN DIE EINDE VAN DIE MAAND MAAR VOOR DIE 5de van DIE VOLGENDE maand.
- U kan ook vooruit vir die jaar of vir die kwartaal betaal indien u dit so sou verkies.

EERSTE KWARTAAL	1. Einde Januarie VIR FEBRUARIE 2. Einde Februarie VIR MAART
TWEEDE KWARTAAL	3. Einde Maart VIR APRIL (al is dit vakansie, betaal ook asb. voor die 5de elektronies / kontant die eerste Dinsdag nadat die skool begin het) 4. Einde April VIR MEI 5. Einde Mei VIR JUNIE
DERDE KWARTAAL	6. Einde Junie VIR JULIE (al is dit vakansie, betaal ook asb. voor die 5de elektronies / kontant die Dinsdag nadat die skool begin het) 7. Einde Julie VIR AUGUSTUS 8. Einde Augustus VIR SEPTEMBER
VIERDE KWARTAAL	9. Einde September VIR OKTOBER (al is dit vakansie, betaal ook asb. voor die 5de elektronies / kontant die eerste Dinsdag nadat die skool begin het) 10. Einde Oktober VIR NOVEMBER.

9. KLEUTERDRAG

Netjiese, skoon en heel kleuterdrag word met elke besoek aan ons skool gedra. Geen private drag nie. Kleuterdrag is by die kantoor beskikbaar. Pryse is ook onderhewig aan prysverhogings deur ons verskaffers.

AS VERWYSING VIR ELEKTRONIES INBETALINGS, GEBRUIK ASB. U KLEUTER SE NAAM EN DIE WOORD "KLERE"

Kostes vir Kleuterdrag huidiglik:

SOMERDRAG:

GHOLFHEMPIE **R 135**

SWEETPAKTOP **R 145**

ALLEENLIK NAVY OF DENIM KORTBROEKE VIR DIE SEUNS, SKIPANTS OF BROEKROMPIES OF NETJIESE KORTBROEKIES VIR DIE DOGTERS EN ONTHOU: KAALVOETE IS GELUKKIGE VOETE!

Ons groei nog!

WINTERDRAG:

LANGMOU NAVYBLOU T HEMP (wat onderaan die gholf- hempie aangetrek kan word – dit lyk slordig as wit frokkies by ons kleuters se klere uitsteek – dankie vir u samewerking in dié verband)

R **180** WINDJAKKER MET SKOOLWAPEN

ALLEENLIK LANG NAVY LANGBROEKE (KOORDFLUWEEL OF DENIM MET WARM ONDERKLERE)

ASSEBLIEF GEEN, GEEN SERPE VIR VEILIGHEIDSREDES, WEL HANDSKOENE EN MUSSE INDIEN U SOU VERKIES. Dit word vinnig uitgetrek sodat ons kan werk. Dit word in u kleuters se rakkies gebêre.

MERK ASSEBLIEF ELKE KLEDINGSTUK VAN U KLEUTER. GEMAKLIKE TEKKIES EN KOUSE

10. DIE KANTOOR

ONS HOU **GEEN GELDE** IN DIE SKOOL NIE – DIT IS 'n VOORKOMENDE VEILIGHEIDSMATREËL OM U KLEUTER, DIE PERSONEEL EN SKOOLEIENDOM TE HELP BESKERM. BRING ASB. **ALTYD** DIE KORREKTE BEDRAG VIR WAT U OOKAL KOM BETAAL OF KOOP.

Ons stel u gewoonlik vooraf in kennis wat en hoeveel u moet betaal. Indien u **enige krisis** rondom betalings by die kantoor het, kontak asb. vir Nicolien, of kom praat met Juf Fia. (Kantoor: 058 481 3090, Nicolien Erasmus 082 3880 531)

* Nicolien is elke Dinsdag- en Donderdagoggend vanaf 07:15 tot 08:00 in die kantoor sodat u kleuterdrag kan koop; of enige inbetalings wat u nie elektronies kan of wil doen nie, dan by haar kan kom doen.

11. RUGSAK EN KOSBLIK

Bring elke dag saam. GEEN wiewietjies tas nie; dit is te groot vir ons kleuterrakkies. Rugsakke moet groot genoeg wees vir 'n top, ekstra klere, 'n kosblik, twee bottels. (Verkieslik 2 kleiner bottels; dit moet asb. 'n **uittrekpropie** hê, sodat 'n bottel wat omgestamp word nie al die koel drank op die tafel, vloer of op die kleuters se klere mors nie.) Kleuters moet self die bottels en kosblikke kan oopmaak.

12. SKOOLTOEBROODJIES

Die Juniorklas eet eers teen 09:30. Die groter klasse eet nog later hul verversings, daarom is dit baie belangrik dat u kleuter **TUIS ONTBYT** eet. Twee snye brood met 'n voedsame vulsel is voldoende. Sny die broodjies in vier dele. Vrugte en ander lekkernye kan TUIS geniet word. U kleuter sal dit nie by die skool mag eet nie. Baie Dankie vir u samewerking in hierdie verband.

DRINKGOED: Daar moet asb. ook 'n bottel water in die tas wees.

13. VERSLAE RAKENDE U KLEUTER SE ONTWIKKELING EN VORDERING

Aanpassingskaarte in elke klas:	Februarie
Gesondheid- en Netheidskaart:	Maart
Graad R en Rooi Klas	Kwartaalliks. (Sien ook die benodigdhedelys)
Die Geel klas	Junie en November (Sien ook die benodigdhedelys)

14. 'N JAARLIKSE, EENMALIGE BYDRAE (Sien ook die benodigdhedelys)

15. KLEUTERSKOOLPROGRAM

GODSDIENSBELEID:	Gebaseer op CHRISTELIKE BEGINSELS
TAALBELEID:	Afrikaans
DAGPROGRAM:	Aangebring in speelkamers ter insae

KWARTAALPROGRAM:

Elke gesin ontvang kwartaalliks 'n program. Plaas dit asb. waar u dit gereeld kan raaklees. Daarop verskyn al die belangrike gebeure in u kleuter se program:

- TEMAS VIR DIE KWARTAAL
- BAK EN BROU
- POPPEKASVERTONING
- VERJAARSDAGKRING: In die kwartaal waarin u kleuter verjaar, u stuur R50 en Juffrou doen die aankope. TYD: 11:30 stiptelik. PLEK: FAAN CLASE SKOOLSAAL (Ons Primêre Skool se saal)
- OUERAANDE: Kwartaaliks vir Graad R en die Rooi klas. Hiertydens ontvang u u kleuters se verslag. Die Geel klas slegs die eerste en derde kwartaal. U sal vooraf inligtingsbriewe ontvang.
- DATUMS VAN: DIE NEEM VAN INDIVIDUELE, GROEP- EN GRADEFOTO'S, FONDSINSAMELINGS-PROJEKTE, MOONTLIKE KLEUTEROPTREDES, GRADEPLEGTIGHEID EN JAARKONSERT IN NOVEMBER, UITSTAPPIES VIR GRAAD R EN ROOI KLAS EN INSTAPPIES VIR DIE GEEL KLAS

Tydens uitstappies en instappies dra ons kleuters netjiese SKOON kleuterdrag. Kospakkie vir uitstappies en instappies:

- ALLES VERPAK IN 'N 2 LITER ROOMYSBAK MET U KLEUTER SE NAAM DUIDELIK DAAROP. U KAN MAAR DIE BAK MOOI VERSIER.
- Een sjokoladelekker (geen harde suiglekkers of taai toffies nie asb.)
- Een pakkie chips
- Een oopskroefbotteltjie koeldrank (nie boksies met strooitjies nie asb.)
- Pak asb. steeds u kleuter se gewone broodjies ook skool toe in sy tas.

16. BELEIDE

Hiervolgens word daar 'n ordelike en stabiele omgewing vir ons kleuters geskep. Ons strewe is dat elke kleuter geborge, gelukkig en veilig sal voel. Elke beleid is daar om u kleuter, die personeel en ons skoolleidendom te beskerm; asook om die beste geleentheid aan u kleuter te bied binne 'n gunstige, stimulerende omgewing.

U kan die beleide op ons webwerf gaan lees by <http://www.pssenekal.co.za>, klik op die afdeling Pre-Primêre Skool en dan op beleide. U kan ook die beleide by ons kantoor kom besigtig. Dit is baie belangrik dat u uself dééglik sal vergewis van wat dit behels, sodat ons almal presies weet wat van elke party in hierdie vennootskap van opvoeding, verwag word. Dankie dat ons daarop kan staatmaak dat u al die beleide deeglik sal deurlees.

- Toelatingsbeleid, rakende ouderdom, taal en Godsdiens
- Dissipline en Gedragkode
- Boeliebeleid
- Uitstappiebeleid
- Kleuterveiligheidsbeleid
- Nasorgbeleid

17. TOILETGEWOONTES

Al die kleuters in die Geel klas moet asb. elke dag 'n ekstra stelletjie klere in die tassie hê. Indien ander kleuters nog geneig is tot glipsies, moet u asb. maar 'n ekstra stelletjie klere inpak. Kleuters by ons skool mag nooit buite urineer nie – help asb. in die verband.

18. ALGEMEEN

- **AFWESIGHEDE:** Rapporteer elke dag asb., al is dit net vir een oggend. Skakel asb. eers vanaf 7:30. Gebruik die skool se landlyn 058 481 3090. Die Juffrouens kry dikwels veels te laat die sms.
- **SIEKERIGE kleuters:** kleuters wat aanmekeer hoes, of braking en diarree het, moet asseblief liewer tuisbly totdat hul heeltemal herstel het. Dit sal juis die herstelproses bespoedig en ander kleuters en die Juffrouens sal nie ook siek word nie.
- **KINDERSIEKTES EN KOPLUISE** moet asb. dadelik aangemeld word.
- **OOP SERE** moet asb. bedek word en sere wat maklik bloei moet tuis eers herstel.
- **SPEELGOED VAN KLEUTERS** mag vir Juffrou kom wys word, maar dit gaan dadelik saam met Ouers huis toe. Huisspeelgoed word net tuis gebruik.
- **BESITTINGS VAN DIE KLEUTERSKOOL:** Dit gebeur tog soms dat dit op 'n manier in u kleuter se tas beland. Gaan u kleuter se tas gereeld deur en bring of stuur maar net die speelgoed van die skool dadelik terug.
- **AFVALMATERIAAL:** Stuur gerus boksies van verskillende groottes, toiletrolletjies of ander bruikbare materiaal vir ons skeppende aktiwiteite.
- **KORRESPONDENSIE:** Elke kleuter het 'n posvakkie waarin korrespondensie vir u ingesit word. Wanneer u omsendbriewe daarin kry, is dit gewoonlik belangrik genoeg om deeglik gelees te word. Dankie vir u samewerking in die verband. Lees asseblief ook gereeld die boodskappe en inligting op die kennisgewing- en die groen skryfbord op die stoep.

19. UITNODIGING

Ons nooi elke ouer uit om enige ongelukkigheid rakende u kleuter tuis; of by die skool met ons te kom bespreek. Dit is 'n normale verskynsel en ongelukkighede gebeur. Daar kan altyd 'n oplossing gevind word. As ons nie weet nie, kan ons nie help nie. Elke kleuter en individu hanteer aanpassings verskillend. Ons wil u bystaan in elke moeilike tyd in u kleuters se vroeë ontwikkeling. Onthou, ons personeel is bekend met kleuters se grille en geite, vra gerus raad. Personeel is met aankoms en vertrektyd beskikbaar; of as u dit nodig ag, maak 'n afspraak as u meer privaat wil gesels.

Bid asb. ook gereeld vir ons Skool, die Personeel en die werkers, die Kleuters ook vir ons Ouers en die Beheerliggaam. Ons kan nie sonder liefde, wysheid en geloof ons kleuters hier laat gedy nie!

Geniet ons pragtige skool – dit is ons almal se trots!